Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2022

# REKENINGKUNDE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, insluitend ’n formuleblad en ’n 11-bladsy antwoordeboek.

# HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | State: Omvattende Inkomste en Finansiële Posisie | 60 | 45 |
| 2 | Finansiële aanwysers en Kontantvloeistaat | 40 | 30 |
| 3 | Vertolking van Finansiële Inligting | 35 | 30 |
| 4 | Korporatiewe bestuur | 15 | 15 |
| | **TOTAAL** | **150** | **120** |

## VRAAG 1: STATE: OMVATTENDE INKOMSTE EN FINANSIËLE POSISIE

**(60 punte; 45 minute)**

Die inligting hou verband met John-Vos Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

Voltooi die volgende:
(**LET WEL**: Sommige inligting is in die ANTWOORDEBOEK gedruk.)

1.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022. (40)

1.2 Behoue Inkomste-nota op 28 Februarie 2022. (7)

1.3 EKWITEIT en LASTE-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022. (13)

**INLIGTING:**

**A. Bedrae wat op 28 Februarie 2022 uit die rekords onttrek is.**

| | R |
|---|---|
| Lening: Sparks Bank | 610 320 |
| Krediteurekontrole | 562 500 |
| Vaste deposito: Winde Bank | 150 000 |
| Handelsvoorraad | 900 000 |
| Bank (gunstige saldo) | 469 500 |
| Debiteurekontrole | 593 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2021) | 34 120 |
| SAID: Inkomstebelasting (Dt.) | 660 000 |
| SAID: LBS | 36 000 |
| Pensioenfonds | 13 500 |
| Verkope | 8 085 500 |
| Versekering | 48 750 |
| Oninbare skulde | 33 260 |
| Huur inkomste | 85 100 |
| Direkteursfooie | 825 000 |
| Verbruiksgoedere | 33 900 |
| Rente op vaste deposito | 11 090 |
| Oninbare skulde verhaal | 11 760 |
| Gewone aandele dividende | 237 500 |

**B. Addisionele inligting:**

(i) **Winsopslag:**
ʼn Winsopslag van 100% op koste is gedurende die finansiële jaar gehandhaaf.

(ii) **Gewone aandelekapitaal en dividende:**

- Op 1 Mei 2021 is ŉ addisionele 300 000 aandele uitgereik.
- Op 1 September 2021 het die maatskappy 40 000 aandele teen 80 sent bo die gemiddelde aandeelprys van R8,50 elk teruggekoop.
- 950 000 aandele was op 28 Februarie 2022 in uitreik.
- Die totale dividend vir die jaar het R570 000 beloop.

**C. Aansuiwerings nie in berekening gebring nie:**

(i) Totaal beskadigde goedere wat op 26 Februarie 2022 teruggestuur is, is verkeerdelik as R7 200 aangeteken. Die bedrag volgens die kredietnota wat uitgereik is, is R2 700.

(ii) Verbruiksgoedere voorhande op 28 Februarie 2022, R5 900.

(iii) ŉ Bedrag van R2 240 ontvang van F. Solomon wie se rekening as oninbaar afgeskryf is, is verkeerdelik na die oninbare skulde-rekening oorgeboek.

(iv) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R29 660 aangepas word.

(v) Die versekeringsrekening sluit ŉ jaarlikse premie van R22 500 in wat vir die tydperk 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022 betaal is.

(vi) Die perseel word sedert 1 April 2021 verhuur met ŉ ooreenkoms dat huur met R1 000 per maand verminder, word met ingang van 1 Januarie 2022. Die huur vir Februarie 2022 is nog uitstaande.

(vii) Die maatskappy betaal dieselfde maandelikse fooi aan alle direkteure. Een van die direkteure het op 30 November 2021 bedank en ŉ nuwe direkteur is op 1 Februarie 2022 aangestel. Die fooie van die nuwe direkteur is nog uitstaande.

(viii) Diverse uitgawes is die ontbrekende syfer in die Staat van Omvattende Inkomste.

(ix) Nadat alle aansuiwerings in ag geneem is, is die bedryfswins akkuraat as R1 602 190 bereken.

(x) Uittreksel uit die leningstaat wat van Sparks Bank ontvang is:

| | |
|---|---:|
| Rente gekapitaliseer | **?** |
| Terugbetalings (insluitend rente) | 161 280 |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | 703 800 |

R100 000 van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

(xi) Die inkomstebelastingkoers is 30%.

**60**

## VRAAG 2: FINANSIËLE AANWYSERS EN KONTANTVLOEISTAAT

**(40 punte; 30 minute)**

### GEVRA:

2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2022:

2.1.1 Skuld-ekwiteit verhouding (3)

2.1.2 Verdienste per aandeel (VPA) (4)

2.1.3 Dividenduitbetalingskoers (%) (3)

2.1.4 % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)

2.2 Voltooi die volgende afdeling vir Kontant uit bedrywighede gegenereer:

- Kontantgevolge van veranderinge in bedryfskapitaal.
  (Kontantuitvloei moet tussen hakies getoon word.) (9)

2.3 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

2.3.1 Belasting betaal (5)

2.3.2 Opbrengs uit verkoop van vaste bates (5)

2.3.3 Fondse gebruik vir die terugkoop van aandele (2)

2.4 Voltooi die volgende afdeling van die Kontantvloeistaat:

- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

### INLIGTING:

**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste op 30 April 2022:**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering | R 280 800 |
| Rente uitgawe | 151 200 |
| Netto wins voor belasting | 1 660 000 |
| Netto wins na belasting | 1 162 000 |

**B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie en notas:**

| | 30 April 2022 | 30 April 2021 |
|---|---|---|
| Vaste bates (drawaarde) | 11 434 000 | 9 984 400 |
| Vaste deposito's | 120 000 | 600 000 |
| Bedryfsbates | 1 202 400 | 906 000 |
| Handels en ander ontvangbares (Nota 1) | 481 800 | 352 500 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 000 | 67 800 |
| Aandeelhouersbelang | 10 776 400 | 8 893 800 |
| Nie-bedryfslaste | 1 080 000 | 1 440 000 |
| Bedryfslaste | 900 000 | 1 156 600 |
| Handels en ander betaalbares | 432 000 | 814 600 |
| Bankoortrekking | 264 000 | 0 |
| Aandeelhouers vir dividende | 144 000 | 192 000 |

**Nota 1: Handels en ander ontvangbares**

| | | |
|---|---|---|
| Netto handelsdebiteure | 448 000 | 323 800 |
| Opgelope inkomste | 28 400 | |
| SAID (Inkomstebelasting) | 5 400 | 28 700 |
| | 481 800 | 352 500 |

**C. Vaste bates:**

- Die totale koste vir die verkryging van 'n nuwe voertuig en uitbreidings aan die geboue gedurende die jaar het R1 632 000 beloop.
- Gedurende die jaar is toerusting teen drawaarde verkoop.

**D. Aandelekapitaal**

- Addisionele aandele is op 1 Mei 2021 uitgereik.
- Op 30 April 2022 is aandele teruggekoop. Die waarde van die aandele volgens gemiddelde uitreikingsprys het R25 000 beloop. Die prys gevra was 10% meer as die gemiddelde uitreikingsprys.

**E. Dividende en verdienste per aandeel:**

| | 30 April 2022 | 30 April 2021 |
|---|---|---|
| Interim dividend (per aandeel) | 45 sent | 25 sent |
| Finale dividend verklaar (per aandeel) | 25 sent | 15 sent |
| Verdienste per aandeel | **?** | **94 sent** |

**40**

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**

**(35 punte; 30 minute)**

3.1 Kies die finansiële staat(e) in KOLOM B wat by die finansiële aanwyser in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1.1 solvensie | A Staat van Omvattende Inkomste |
| 3.1.2 opbrengs op kapitaal aangewend | B Staat van Finansiële Posisie |
| 3.1.3 winsgewendheid | C State van Omvattende Inkomste en Finansiële Posisie |
| | D Kontantvloeistaat |

(3 x 1) (3)

3.2 **MIGUELE BPK.**

Die inligting vir hierdie maatskappy hou verband met die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

3.2.1 Die direkteure is tevrede met die verbetering in die likiditeit van die maatskappy. Haal aan en verduidelik DRIE finansiële aanwysers met syfers en tendense wat ŉ verbetering van die likiditeitsposisie toon. (6)

3.2.2 Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede met hul opbrengs op belegging in die maatskappy moet wees. Haal syfers en tendense in jou verduideliking aan. (4)

3.2.3 Een van die direkteure voel dat die maatskappy die lening so gou moontlik moet terugbetaal. Verduidelik hoekom jy nie met hom saamstem nie. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan. (6)

3.2.4 Een van die aandeelhouers wil haar aandele teen R6 elk verkoop.

- Verskaf EEN rede waarom jy met haar sal saamstem om haar aandele te verkoop. Haal ŉ finansiële aanwyser met syfers en tendense aan. (2)
- Verskaf EEN rede waarom jy nie met haar sal saamstem om haar aandele te verkoop nie. Haal 'n finansiële aanwyser met syfers en tendense aan. (2)

3.2.5 Die aandeelhouers behoort tevrede te wees met die verdienste per aandeel (VPA) want dit is beter as die vorige jaar. Verduidelik waarom jy met hulle saamstem. Haal syfers en berekeninge aan. (4)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers, rentekoerse en markprys van aandele:**

| | **28 Februarie 2022** | **28 Februarie 2021** |
|---|---|---|
| Bedrysverhouding | 2,1: 1 | 2,9 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,4 : 1 | 1 : 1 |
| Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode | 35 dae | 28 dae |
| Gemiddelde krediteure-betalingsperiode | 65 dae | 90 dae |
| Voorraadomsetsnelheid | 10,2 keer | 9,1 keer |
| Skuld/ekwiteit-verhouding | 0,3 : 1 | 0,3 : 1 |
| Dividende per aandeel | 80 sent | 55 sent |
| Verdienste per aandeel | 104 sent | 75 sent |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | 15,3% | 10,4% |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend | 17,2% | 12,1% |
| Netto batewaarde | 650 sent | 625 sent |
| Rentekoers op lenings | 14% | 13% |
| Rentekoers op vaste deposito's | 7% | 7% |
| Markprys van aandele | 600 sent | 640 sent |

Kopiereg voorbehou 

3.3 **SOCKER BPK. EN BOLL BPK.**

Die inligting hou verband met twee maatskappye wat in dieselfde bedryf meeding. Die finansiële jaar van elke maatskappy eindig op die laaste dag van Mei.

**LET WEL:** Alton Flan is ŉ aandeelhouer in beide maatskappye.
Albei maatskappye sal in die nuwe finansiële jaar nuwe aandele uitreik.
Alton Flan oorweeg dit om slegs nuwe aandele in Socker Bpk. te koop.

**GEVRA:**

3.3.1 Verduidelik watter effek hierdie oorweging op die % aandeelhouding van Alton Flan in ELKE maatskappy sal hê. Haal syfers en tendense aan. (6)

3.3.2 Bereken die aantal aandele wat Alton Flan in Boll Bpk. kan koop. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksels uit rekeningkundige rekords op 31 Mei 2022.**

| | **SOCKER BPK.** | **BOLL BPK.** |
|---|---|---|
| Aantal aandele in uitreik | 980 000 | 1 000 000 |
| Aantal aandele deur Alton Flan besit | 450 800 | 550 000 |

**B Aandele wat in die nuwe finansiële jaar uitgereik word.**

| | **SOCKER BPK.** | **BOLL BPK.** |
|---|---|---|
| Totale aantal aandele | 120 000 | 80 000 |
| Aantal aandele wat Alton Flan oorweeg om te koop | 110 200 | 0 |
| Uitreikingsprys | R5 | R4 |

**35**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(15 punte; 15 minute)**

Jy word voorsien van ŉ uittreksel van die ouditverslag vir Tantass Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

4.1 Verduidelik die rol van die vergoedingskomitee en gee ŉ rede waarom daar ŉ behoefte aan hierdie komitee is. (3)

4.2 Verduidelik waarom die ouditeur na bladsye 7 tot 22 in hierdie verslag verwys het. (2)

4.3 Identifiseer die tipe ouditverslag wat die maatskappy ontvang het en gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

4.4 Verduidelik die effek van hierdie tipe verslag vir die beeld van die maatskappy. Verskaf TWEE punte. (4)

4.5 Noem TWEE moontlike gevolge vir die onafhanklike ouditeur indien hy NIE na die verhoging in direkteursfooie verwys het NIE. (4)

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit die ouditeurverslag:**

**Grondslag vir Opinie**

In die loop van die oudit is bevind dat die verhoging in direkteursfooie nie deur die Vergoedingskomitee gemagtig is nie.

**Oudit Mening**

Ons het die finansiële state, soos uiteengesit op bladsye 7 tot 22, geoudit.

Na ons mening gee die finansiële state die finansiële posisie van die maatskappy op 28 Februarie 2022 redelik weer, behalwe vir die verhoging in direkteursfooie, wat nie gemagtig is nie.

**Rivas en Miller**
**Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure**

**31 Mei 2022**

**15**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar ŉ verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ŉ finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou